higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Eerste Vraestel)

(**9090176**)

26 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

1.1 Kies 'n mediese term vanuit die volgende lys vir elk van die beskrywings wat hier onder gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

hemofilie; oop ductus arteriosis; septisemie; perikarditis; anemie; herpes zoster; epilepsie; hemiplegie; bradikardie; miokardiale infarksie; paraplegie; pulmonêre stenose

1.1.1 Obstruksie van bloedvloei vanuit die regterventrikel na die pulmonêre aar

1.1.2 Die ductus arteriosis gaan nie toe ná geboorte nie

1.1.3 Te min rooibloedselle

1.1.4 'n Oorgeërfde bloedingsteuring

1.1.5 Bloedvergiftiging

1.1.6 'n Hartaanval

1.1.7 Inflammasie van die perikardium

1.1.8 Algemeen bekend as gordelroos

1.1.9 Verlamming van die onderste gedeelte van die liggaam

1.1.10 Verlamming aan een kant van die liggaam

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Dismenorree verwys na pynlike menstruasie.

1.2.2 Amenorree verwys na oormatige bloeding.

1.2.3 'n Ektopiese swangerskap kom voor wanneer die bevrugte eier in die baarmoeder inplant.

1.2.4 'n Primigravida is 'n vrou wat vir die eerste keer swanger is.

1.2.5 'n Baba wat op 39 weke gebore word, word as prematuur beskou.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 'n Keisersnee is 'n vorm van natuurlike geboorte.

1.2.7 Idiopatiese hipertensie het 'n bekende oorsaak.

1.2.8 Bradikardie is 'n stadige harttempo.

1.2.9 Monoplegie is 'n soort SOS ('STI').

1.2.10 Nasale bloeding word ook epistakse genoem.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Gee SEWE terme wat gebruik word om pyn te beskryf. (7)

2.2 Wat kan in die alledaagse lewe gedoen word om die verspreiding van siektes te voorkom? (8 × 1) (8)

2.3 Verduidelik die verskil tussen *identiese tweeling* en *nie-identiese tweeling*. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem DRIE simptome van inflammasie. (3)

3.2 Noem VIER toestande wat die groei en vermeerdering van mikro-organismes bevorder. (4)

3.3 Wat is die verantwoordelikhede van 'n mediese sekretaresse as antibiotika voorgeskryf word? (4 × 2) (8)

3.4 Noem die toestande in gemeenskappe wat die verspreiding van siektes aanmoedig. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE soorte bewusteloosheid. (3)

4.2 Noem VIER siektes wat dokters by regeringsowerhede in Suid-Afrika moet aanmeld. (4)

4.3 Verduidelik hoe om 'n neusbloei te stop. (8 × 1) (8)

4.4 Wat kan die regering doen om die verspreiding van oordraagbare siektes te voorkom? (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem SEWE simptome van tonsillitis. (7)

5.2 Wat moet ingesluit word by antenatalesorgafsprake om die risiko vir komplikasies tydens swangerskap en geboorte te verminder? (8 × 1) (8)

5.3 Waarom moet dokters slegs wanneer dit absoluut noodsaaklik is antibiotika voorskryf en seker maak dat pasiënte dit korrek gebruik? (5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou